Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2025

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Die **kosbaarste** van alle **geskenke kos niks**

Die Desembervakansie is in volle swang. Dis daardie tyd van die jaar waar ons al daardie verborge hoekies en gaatjies van die Overstrand na hartelus kan verken.

Moeder Natuur se deur staan altyd oop, en haar geskenk is gratis. Al wat sy in ruil vra, is 'n bietjie respek: Moenie in haar vertoonsale mors nie, en moenie haar uitstalware beskadig nie.

Moet ook nie vergeet van daardie klein goedjies wat selfs jy sommer ruimskoots kan uitdeel aan daardie mense wat jy in 'n winkel, dalk op 'n strand of selfs op die sypaadjie teëkom nie: 'n glimlag, 'n vriendelike woordjie, 'n hoflike groet, 'n blote "dankie", 'n blykie van welwillendheid…

Nie een van dié geskenkies hoef toegedraai te word nie.

Kom ons doen vanjaar 'n bietjie meer as om ons bloot op tooisels en kersliggies te verlaat om 'n feestelike atmosfeer te skep: Toon 'n bietjie welwillendheid. Jy sal verstom wees om te sien hoe dit die gesigte van die mense rondom jou ophelder.

In die ware gees van Kersfees, wees hoflik en bedagsaam. Dit kos niks.

OVERSTRAND MUNISIPALE HOF

'n Dekade later

Toe hy sy deure die eerste keer op 1 September 2015 geopen het, het die Overstrand Munisipale Hof hoofsaaklik verkeersoortredings en ander roetine-oortredings behartig. Oor die jare heen het sy werk uitgebrei om ook oortredings van bouregulasies en sonering sowel as ander terreine verwant aan die nakoming van munisipale verordeninge in te sluit.

Die behoefte aan 'n Addisionele Hof vir Munisipale Aangeleenthede is in 2013 geïdentifiseer toe die aantal sake wat deur die Landdroshof in Hermanus hanteer moes word, só skerp gestyg het dat die tydige aanhoor van munisipaalverwante sake in gedrang gekom het. Deur 'n gesamentlike poging tussen Munisipaliteit Overstrand, die Departement van Justisie en die Nasionale Vervolgingsgesag het die Munisipale Hof tot stand gekom om doeltreffendheid te verbeter en om te demonstreer dat die munisipaliteit daartoe verbind is om nakoming van wetgewing af te dwing. Dit dra ook daartoe by om te verseker dat die publiek munisipale wette met die nodige respek bejeën en dat, in die geval van oortredings, die nodige stappe geneem word om die aangeleentheid aan te spreek en reg te stel.

In sy eerste jaar het die hof net meer as 3 700 sake behartig. Die getal sake het aansienlik toegeneem oor die jare, met 11 891 sake wat in die hof se 10de jaar (d.w.s. die 2024/25-boekjaar) aangehoor is. Die besigste jaar was 2022/23 toe 12 536 sake gefinaliseer is.

Om die Munisipale Hof toeganklik te maak, is 'n belangrike aspek van dienslewering, en die hof het ten doel om te verseker dat sake sonder onnodige oponthoude behartig word en dat elke persoon 'n billike kans gegun word om hul saak in die hof te stel.

Die Munisipale Hof het ook alternatiewe benaderings tot vervolging ingelei. 'n Afwendingsprogram stel oortreders wat nie 'n boete kan bekostig nie in staat om in plaas daarvan gemeenskapsdiens te verrig. Meer onlangs is mediasie vir sake verwant aan verordeninge, in die besonder dispute tussen bure, geïmplementeer, en alles dui daarop dat dit 'n uiters doeltreffende manier is om konflikte op te los. Op die keper beskou, deur nakoming te bevorder, is die Munisipale Hof se fokus op gemeenskapsveiligheid eerder as die blote uitdeel van strawwe.

Namate hy sy tweede dekade betree, is die Overstrand Munisipale Hof steeds van voorneme om te verseker dat munisipale wette op 'n konsekwente en verantwoordelike wyse toegepas word en om sodoende tot 'n veilige en ordelike omgewing vir die mense van Overstrand by te dra.

COLLAB CITIZEN-TOEP

Eindgebruikers só bemagtig

Die dae toe ons die telefoon opgetel het om navrae oor ons banksaldo te doen of 'n e-pos gestuur het om iets van 'n verskaffer te bestel, is lankal iets van die verlede.

Deesdae installeer ons bloot 'n toep en klik op 'n paar knoppies om te sien hoeveel geld ons in die bank het of wanneer ons aflewering van wat ons ook al bestel het, kan verwag. Die Overstrand Citizen-toep bied dieselfde funksionaliteit. Die enigste verskil is dat gebruikers nie net iets ('n diens) kan bestel nie, maar ook dieselfde toep kan gebruik om te rapporteer dat iets iewers skeel.

Die oogmerk in hierdie geval is om die doeltreffendheid van munisipale dienslewering te verbeter deur inwoners in staat te stel om dienste aanlyn te versoek en tegelyk te kyk hoe daar stap vir stap aandag aan daardie versoek geskenk word sonder dat hulle 'n munisipale kantoor hoef te bel of te besoek.

Ons verstaan dat inwoners dalk 'n bietjie lugtig mag wees om die sprong na digitaal te waag. Juis daarom het 'n paar ambassadeurs van die Citizen-toep onlangs openbare wykskomitee-vergaderings bygewoon om belastingbetalers gerus te stel dat só 'n skuif heel veilig is en tot hul voordeel strek.

Ook teenwoordig by hierdie vergaderings was Johnet van Asperen: Dis te danke aan haar dat die Collab Citizen-toep pasgemaak is om aan die behoeftes van Overstrand se inwoners te voldoen.

Soos Johnet verduidelik het, is dit raadsaam om die digitale roete te volg weens 'n paar uitsonderlike kenmerke:

- **Dis maklik om te gebruik (enige tyd, enige plek):** Deur die toep te gebruik, kan jy 'n diensversoek binne 'n oogwink moeiteloos direk via jou slimfoon indien deur 'n foto te neem, 'n kort beskrywing by te voeg en GPS te gebruik om die presiese ligging vas te pen.
- **Direkte herleiding:** Sodra ingedien, sal die toep jou diensversoek direk na Munisipaliteit Overstrand se 24/7-kontaksentrum aanstuur waarvandaan dit sonder enige oponthoud of wankommunikasie dadelik onder die aandag gebring sal word van diegene wat verantwoordelik is vir die lewering van die diens wat deur jou versoek is.
- **Volging en deursigtigheid:** Vanaf daardie tydstip kan jy vordering intyds volg danksy gereelde opdaterings oor die stand van sake wat strek van "assigned" tot "scheduled" (m.a.w. aan die gang) tot "completed".

Die toep word tipies gebruik om tenkerdienste te bestel, maar dit kan eweneens gebruik word om 'n straatlig wat die gees gegee het of 'n stormwaterpyp wat verstop is, te rapporteer.

Hierdie toep is ongetwyfel 'n middel wat gemeenskappe bemagtig want, ongeag of hulle 'n diens versoek of 'n probleem aangemeld het, kan hulle nou intyds dophou hoe vinnig en doeltreffend hul plaaslike owerhede reageer.

Moenie die Citizen-toep gebruik vir lewensbedreigende noodsituasies wat Brand & Redding of Veiligheid & Sekuriteit betref nie. Skakel asseblief ons Noodbeheerkamer by 028 312 2400 in sulke gevalle.

Komaan, maak die sprong! Laai sommer vandag nog die Collab Citizen-toep af.

As jy hulp nodig het om die toep se instellings te verpersoonlik, gaan na https://www.overstrand.gov.za/overstrand-collab-citizen-app/ of bel Munisipaliteit Overstrand se Kontaksentrum by 028 313 8000.

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

ONS WENS IEDER EN ELK 'N VREUGDEVOLLE FEESSEISOEN TOE!

Wat 'n eer om weereens mense van heinde en verre in ons midde te verwelkom! Munisipaliteit Overstrand se opregte wens is dat jy 'n aangename kuiertjie gaan geniet met hope luilekker ure wat onder 'n strandsambreel verwyl word of waar jy sommer net na die see kan sit en staar en kyk hoe die branders in en uit rol.

Jy sien al vir maande daarna uit om 'n bietjie kwaliteittyd saam met vriende en familie deur te bring. En nou het daardie oomblik uiteindelik aangebreek! Ons vra mooi: Moet asseblief nie ander se pret bederf deur ontverantwoordelik te wees of onbedagsaam op te tree nie.

• WEES VEILIG

PERSOONLIKE VEILIGHEID

- Moet nooit 'n voet by die deur uitsit sonder om iemand te sê waarheen jy gaan en wanneer jy terug sal wees nie.
- Moenie ná donker op jou eie rondloop nie. Selfs al is jy deel van 'n groep, bly by goedverligte, bedrywige paadjies – vermy donker, geïsoleerde kolle.
- Moet nooit 'n staptog alleen aanpak nie. Maak seker jou selfoon is gelaai. Vat 'n hoed, sonskerm en genoeg water. Moenie van bekende kontoerpaadjies afdwaal nie.

PADVEILIGHEID

- Gordel vas.
- Moet nooit drink en bestuur nie.
- Hou by die spoedperk.
- Moenie teks en bestuur nie.
- Wanneer jy gaan draf of fiets, sorg dat ander jou kan sien – veral vroeg soggens of laatmiddag.
- Kyk regs, kyk links en dan weer regs voordat jy die pad oorsteek.

BRAAIVURE

- Braaivure mag slegs in aangewese beskermde areas gemaak word.
- Moet nooit 'n braaivuurtjie onbewaak laat nie en maak altyd seker dat dit behoorlik geblus word.
- Raak op 'n veilige wyse van stompies ontslae: Moenie hulle goedsmoeds wegskiet nie.

HONDE

- Hou hulle aan 'n leiband in openbare areas wat strande, wandelpaaie en kuspaadjies insluit.
- Sorg dat jy 'n sakkie byderhand het om agter jou hond skoon te maak. Moenie kuttels in die sand begrawe nie, en die see of 'n strandmeer is ook nie 'n "handige" asblik nie.
- Eienaars moet hul honde in toom hou.

• WEES VERANTWOORDELIK

BLOUVLAGSTRANDE

- Blouvlagstatus: Grotto en Kleinmond
- Proefstrande: Onrus, Hawston, Castle Beach
- Hierdie gesogte onderskeiding dien as erkenning dat 'n strand aan streng standaarde voldoen vir:
  - Watergehalte
  - Veiligheid
  - Ablusiefasiliteite
- 'n Amfibiese rolstoel is beskikbaar by Grotto en by Kleinmond.

STRANDGEDRAG

- Geen alkohol word op enige strand toegelaat nie.
- Luister na die lewensredders: Swem slegs tussen die rooi en geel vlaggies.
- Wees bedag op sleurstrome, veral by Onrus en Kleinmond.
- Moenie gaan swem as jy onder die invloed is nie.

VULLISVERWYDERING

Dienste sal regdeur die feesseisoen, insluitende op openbare vakansiedae, voortgaan soos geskeduleer.

Munisipaliteit Overstrand het baie moeite gedoen om te verseker dat woongebiede en openbare plekke dwarsdeur die feesseisoen so skoon en netjies as moontlik gehou sal word.

Al wat ons vra, is dat jy jou deeltjie doen deur nie rommel te strooi nie en getrou by die reëlings vir vullisverwydering te hou.

Algemene reëlings:

- Moet nooit vullissakke/-dromme oornag op die sypaadjie los nie. Hulle moet slegs op die oggend van die geskeduleerde verwyderingsdag uitgeplaas word.
- As jy in 'n verklaarde probleemdier-area tuisgaan, moet daar met alle huishoudelike afval in bobbejaanbestande dromme weggedoen word.

Pas die twee-sak-reël toe:

- Moet asseblief nie met herwinbare items in swart sakke wegdoen nie: Gebruik eerder 'n deursigtige sak..
  - Items soos glasflessies/-bottels, blikkies, graanvlokkiebokse, plastiek bottels en koerante kan oor die algemeen herwin word.
  - Sorg dat hierdie items skoon en droog is, en draai glasskerwe asseblief eers in koerantpapier toe om te verhoed dat hanteerders beseer word.
- Gebruik 'n swart sak om van "nat" afval ontslae te raak.
  - Nat afval sluit tipies kosreste, vrugte-/groenteskille, gebruikte baba-doeke en sanitêre produkte in sowel as enige ander vorm van verpakking wat ooglopend nie geskik vir herwinning is nie.
- Ons belofte aan jou:
  - Overstrand beskou herwinning as 'n saak van erns. Juis daarom sal ons elke deursigtige sak wat deur jou uitgeplaas word, gratis vervang.

STOOR HIERDIE 24/7-NOODNOMMERS!

028 313 8111	Kontaksentrum
028 312 2400	Brandweer-en-reddingsdienste
028 313 8996	Wetstoepassing

Die Citizen-toep is vir diensversoeke wat nie noodgevalle is nie.

sluiting oor Feesseisoen

Neem kennis dat munisipale kantore sowel as openbare biblioteke om 13:00 op 24 en 31 Desember 2025 sal sluit en gesluit sal wees op 25 – 26 Desember 2025 en 1 – 2 Januarie 2026. Die voormelde sluitings ten spyt, sal die lewering van noodsaaklike dienste ononderbroke voortgaan.

WEES SNOEP MET KRAG
Skakel af & prop uit

WEES WATERWYS
Elke druppel tel

VUURWERKE VERBODE
Koop en verkoop teen die wet

JOU SAMEWERKING WORD WAARDEER. **GENIET DIE KUIERTJIE!**